# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

3

Kwartaal 1




Leerder: ______________________________

Funda Wande
Reading for Meaning

3

Kwartaal 1

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Leerderaktiwiteitsboek



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Illustrasies**

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Ander illustrasies is verskaf deur:
Crazy Cat: bl. 7-9, 112–117; Alex Latimer: bl. 17, 60, 68 en 96; Patrick Latimer: bl. 21, 57, 74 en 141; Jiggs Snaddon-Wood: bl. 71, 89, 93 en 127; Zinelda McDonald: bl. 79–84; Rassie Erasmus: klankwoorde.

**Omslag:** Anja Stoeckigt

**Foto-erkennings**

**Gallo Images**: Bladsy 6: Matthew Childs (Springbok-rugbyspan nadat hulle die IRB Wêreldbeker in 2019 gewen het), Bladsy 10: Mike Hewitt (Siya Kolisi wat rugby speel), Bladsy 11 en 32: Stringer (Siya Kolisi met die IRB Wêreldbeker-trofee), Bladsy 20a: Christiaan Kotze (Temba Bavuma wat rugby speel), Bladsy 20b: Stringer (Temba Bavuma in sy Protea-klere), Bladsy 23a: Sydney Seshibedi (Amanda Dlamini in haar Banyana Banyana-klere), Bladsy 26b: Lefty Shivambu (Amanda Dlamini wat sokker speel), Bladsy 26a: Ezra Shaw (Caster Semenya met die Suid-Afrikaanse vlag), Bladsy 26b: Patrick Smith (Caster Semenya wat hardloop), Bladsy 28a: Patrick Smith (Wayde van Niekerk met 'n goue medalje), Bladsy 28b: Anton Geyser (Wayde van Niekerk wat hardloop), Bladsy 34: Leon Sadiki (Pretty Yende wat sing), Bladsy 37: Rich Fury (Trevor Noah wat praat), Bladsy 40: Leon Morris (Brenda Fassie wat sing), Bladsy 41: Theana Calitz (Lira wat sing), Bladsy 77: Sowetan/Antonio Muchave (danser in tradisionele *xibelani*-romp); **iStock**: Bladsy 18f: GlobalP (stert van verkleurmannetjie), Bladsy 62b: jacoblund (vrou wat klere van *kente*-materiaal dra), Bladsy 64: siete_vidas (vroue met klere van tradisionele *kanga*-materiaal), Bladsy 73: Alessandro Biascioli (vrou in kaftan), Bladsy 76a: NEIMUD (vrou met tradisionele *isicholo*-hoed); Bladsy 54: Leonardo da Vinci (*Mona Lisa*); Bladsy 56: MiaKora (kaart van Afrika-materiaal); **Shutterstock**: Bladsy 59a: Tayvay (vrou in tradisionele *aso-oke*-klere), Bladsy 59b: Tayvay (man in tradisionele *aso-oke*-klere); WikiCommons: Bladsy 62a: ZSM (*kente*-materiaal), Bladsy 76b: Retlaw Snellac Photography (vrou met tradisionele *isicholo*-hoed), Bladsy 144: Ossewa (strand in die Oos-Kaap); Bladsy 90: Maggie Laubser (*Basutoland Hills*); Bladsy 122a, 122b, 122c, 122d en 122e: Brooklyn Museum (Afrika-kleipotte); Bladsy 140: MyAngelG (olifant); Bladsy 140: Northern Cape Tourism (Kalahariwoestyn).

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-998960-23-1

Version 2: 2025

CC BY

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Leerderaktiwiteitsboek, Graad 3, Kwartaal 1, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.


Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

# Inhoud



| | | |
|---|---|---|
| Week 1 | Welkom in Graad 3! | 1 |
| Week 2 | Oor myself | 5 |
| Week 3 | Oor myself | 29 |
| Week 4 | Gevoelens | 42 |
| Week 5 | Gevoelens | 65 |
| Week 6 | Bly veilig | 78 |
| Week 7 | Bly veilig | 101 |
| Week 8 | Regte en verantwoordelikhede | 111 |
| Week 9 | Regte en verantwoordelikhede | 132 |





# Ikone




Lees



Handskrif




Klanke




Aanvangskennis




Kreatiewe Kunste




Onafhanklike Lees



Kleur in



Skryf




Knip uit


# Welkom in Graad 3!

## Week 1



DATUM ______________________________






## Skryf die kleinletters.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A<br>a | V | C | X |
| S | F | G | H |
| I | D | K | P |
| M | Y | O | L |
| Q | R | Z | T |
| U | B | W | J |
| N | E | | |

Hoeveel letters kan jy in een minuut lees?



**DATUM** ____________________

## Merk die klanke wat jy ken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ○ -ie- | ○ -oe- | ○ -ou- | ○ -ei- |
| ○ -eu- | ○ bl- | ○ br- | ○ dr- |
| ○ fr- | ○ sk- | ○ sm- | ○ sp- |
| ○ sw- | ○ tr- | ○ -ng | ○ -nk |
| ○ -lf | ○ -ns | ○ -rg | ○ -rk |

## Skryf die klanke wat jy hoor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 ________ | 2 ________ | 3 ________ | 4 ________ |
| 5 ________ | 6 ________ | 7 ________ | 8 ________ |
| 9 ________ | 10 ________ | | |

# Ystervarke

Ystervarke gebruik hul veerpenne om hulself te beskerm. Hulle stamp hul voete en skud hul veerpenne om ander diere af te skrik. Indien die dier nie weggaan nie, hardloop die ystervark vinnig agteruit sodat hul skerp veerpenne in die ander dier vassteek. Ystervarke kan leeus, luiperds, honde en selfs mense beseer.

Nuwe veerpenne kom weer uit as 'n ystervark se veerpenne uitval. As baba-ystervarkies gebore word, is hul veerpenne baie sag. Dit neem ongeveer vyf dae voordat dit hard word.

1 Merk al die goed wat ystervarke doen om hulself te beskerm.

- ○ stamp hul voete
- ○ byt ander diere
- ○ skud hul veerpenne
- ○ hardloop teen die ander dier vas
- ○ skiet hul veerpenne na die ander dier


2 Kan baba-ystervarkies hulself beskerm?

○ Ja ○ Nee

Hoekom? ______________________________

______________________________

______________________________



# Oor myself

## Week 2 en 3



# Die storie van Siya Kolisi



Siyamthanda Kolisi is die kaptein van die Suid-Afrikaanse rugbyspan. Hy was die kaptein toe Suid-Afrika die Rugby Wêreldbeker in 2019 gewen het. Hierdie is sy lewensverhaal.

Siya is op 16 Junie 1991 in die Oos-Kaap gebore. Hy het as kind by sy ouma gewoon. Sy was baie lief vir Siya, maar sy het nie baie geld gehad nie. Siya was as kind dikwels koud en honger.





In 1998 het Siya begin skoolgaan. By die skool was hy baie lief vir sport. Hy het elke dag voor skool 5 km gaan draf. Eendag het hy 'n groep mans sien hardloop. Hulle was deel van 'n rugbyspan – die African Bombers. Siya het gaan kyk hoe hulle oefen. Hy het kort daarna by die span aangesluit en geleer om rugby te speel.

Toe hy 12 was, het die skool se span aan 'n groot skolerugbytoernooi in Mosselbaai deelgeneem.

By die toernooi het almal gesien hoe goed Siya speel. Hy het 'n rugbybeurs van die kosskool, Laerskool Grey, in Gqeberha, ontvang. Hy het in Graad 7 daar begin en was 'n goeie leerder. Hy het gehou van die koshuislewe en het hard gewerk.







Siya is daarna na Hoërskool Grey. Hy het vir sy skool rugby gespeel en in sy finale skooljaar is hy gekies om vir die Oos-Kaapse skolerugbyspan te speel.
Ná skool het hy na Kaapstad verhuis en vir die Westelike Provinsie rugby gespeel. 'n Jaar later het hy vir die Stormers begin speel. Hy is ook getroud terwyl hy in Kaapstad gewoon het.

In 2013 is Siya gekies vir die Suid-Afrikaanse rugbyspan, ook bekend as die Springbokke. Hy het teen baie ander lande gespeel. In 2018 is hy as kaptein van die Springbokke verkies. So is sy droom bewaarheid.



DATUM ______________________





# Leesbegrip 1

**Lees Die storie van Siya Kolisi.**

## Lees en dink

1 Oor wie gaan hierdie storie?

______________________

2 Is Siya Kolisi 'n regte mens? (ja of nee)

______________________

3 Is hierdie storie niefiksie (ware feite) of fiksie (denkbeeldig)?

______________________

## Soek en vind

4 Wat word die Suid-Afrikaanse rugbyspan genoem?


______________________

5 By hoeveel skole het Siya skoolgegaan?


______________________

6 In watter jaar het Siya vir Suid-Afrika begin rugby speel?

______________________



DATUM ______________________



# Leesbegrip 2

**Lees weer Die storie van Siya Kolisi.**



## Soek en vind

1 Soek die **woord** in die teks wat *spanleier* beteken.

Skryf dit neer. ______________________

2 Skryf die sin neer wat vir ons sê dat Siya nie baie geld gehad het toe hy jonk was nie.

______________________

______________________

3 In watter twee stede het Siya gewoon?

______________________



## Op my eie

4 Waarom, dink jy, kon Siya sy droom verwesenlik (laat waar word)?


______________________

______________________

5 Wat is jou droom?

______________________

______________________



# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**


| | | | |
|---|---|---|---|
| MAANDAG | × | i | *i* |
| | × | ii | *ii* |
| DINSDAG | × | t | *t* |
| | × | tt | *tt* |
| WOENSDAG | × | i | *i* |
| | × | it | *it* |
| DONDERDAG | × | t | *t* |
| | × | ti | *ti* |
| VRYDAG | × | | *it ti tt ii it ti* |
| | × | | *ti tt it ti ii ti* |

DATUM ____________________

# Soek die woorde

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| week | duur | baan | meet | muur | woon |
| veer | doof | jaar | taal | hoof | huur |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| k | c | v | g | h | d | a | f | a | t |
| e | x | e | p | o | o | v | w | e | a |
| m | u | e | d | o | d | b | m | w | a |
| u | h | r | m | f | u | a | e | o | l |
| m | u | f | r | m | u | a | e | o | w |
| u | u | d | o | w | r | n | t | n | e |
| u | r | o | j | a | a | r | z | d | e |
| r | s | o | c | a | h | o | a | a | k |
| g | f | f | n | m | d | x | v | i | a |



**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ____________________

____________________

2 ____________________

____________________

3 ____________________


____________________

DATUM ______________________



# Lees die sinne

Die kat sit op die muur.



Ek koop 'n duur rok.



Op die stoep lê 'n veer.




Ons woon in 'n groot huis.




Ek is nege jaar oud.





? Wie sit op die muur?

______________________________



DATUM ______________________

# Groei



**Pasgebore baba**
Baie klein babas moet gevoed, gewas, warm gehou en liefgehê word.



**Baba**
Babas kan uit 'n bababottel drink en later ook uit 'n koppie. Hulle leer om om te rol, te sit en dan te kruip.




**Peuter**
Peuters kan loop, 'n paar woorde sê, na voorwerpe wys en 'n lepel vashou.



**Voorskoolse kind**
Voorskoolse kinders kan hardloop, met ander kinders speel, en vrae vra en beantwoord.



**Skoolpligtige kind**
Skoolkinders kan hulself aantrek en gereed maak vir skool. By die skool leer hulle lees, skryf en tel.



**Skryf oor 'n klein kindjie wat jy ken.**

Ek ken 'n ______________________ (baba, peuter, ens.)

met die naam ______________________ .


Hy of sy kan ______________________

DATUM ____________________



# Lyne en vorms


**Trek oor 'n spiraal, 'n horisontale lyn en 'n geboë lyn.**













**horisontaal** **vertikaal** **geboë** **spiraal** **sigsag**

**DATUM** ______________________




# Werkwoorde




'n Werkwoord is die woord in 'n sin wat die **aksie** aandui. Ons sê ook dat werkwoorde **doenwoorde** is, byvoorbeeld: **skop**, **speel**, **spring**.

**Voltooi die sinne met die regte werkwoorde.**

blaf    borsel    draf    lees    ry



1. Die atleet ______________ elke oggend.
2. Die seun ______________ sy boek.
3. Die hond ______________ vir die kat.
4. Die meisie ______________ met die trein.
5. Sy kan self haar tande ______________.




# Vandag en gister

'n Werkwoord kan ook help om **tyd** of **wanneer** die aksie plaasvind, aandui.


| Teenwoordige tyd (vandag) | Verlede tyd (gister) |
|---|---|
| aksie wat **nou** plaasvind | aksie wat **reeds** plaasgevind het |
| normale werkwoord | het + ge- + normale werkwoord |
| Ek **werk** in die tuin. | Ek **het** in die tuin **gewerk**. |
| het | het + gehad |
| Ek **het** masels. | Ek **het** masels **gehad**. |
| is | was |
| Hulle **is** arm. | Hulle **was** arm. |

**Skryf die sinne oor in die verlede tyd in jou oefenboek.**



1. Sy skryf in haar boek.
2. Hulle eet vars vrugte.
3. Ons is dikwels laat.
4. Ek ruik die blomme.
5. Hy het verkoue.

DATUM ____________________ 2




# Temba Bavuma – krieketspeler




Temba Bavuma is in 1990 in Kaapstad gebore. Hy het by die skool leer krieket speel. Hy het 'n baie goeie kolwer geword. Op 24-jarige ouderdom is hy gekies om vir Suid-Afrika krieket te speel.





## Lees en dink

Is dit 'n ware verhaal? ____________________

## Soek en vind

Waar is Temba gebore?


____________________









DATUM ______________________________

# Wat kan hulle doen?


**Merk wat ons op verskillende ouderdomme kan doen.**




| | baba | kind | volwassene |
|---|---|---|---|
| lees  | | | |
| drink  | | | |
| hardloop  | | | |
| eet  | | | |
| spring  | | | |
| ’n motor bestuur  | | | |
| glimlag  | | | |
| klim in bome  | | | |

DATUM ______________________



# Woordeskat en taal

**Voltooi elke sin deur een van die woorde te gebruik.**



kosskool    Rugby Wêreldbeker    kaptein    toernooi    studiebeurs

1 Siya Kolisi is die ______________________ van die Suid-Afrikaanse rugbyspan.

2 Suid-Afrika het die ______________________ ______________________ in 2019 gewen.

3 Die skool se rugbyspan het aan 'n rugby- ______________________ deelgeneem.

4 Siya het 'n ______________________ ontvang om na Laerskool Grey en Hoërskool Grey te gaan.

5 Dit was 'n ______________________ skool, en daarom het hy by die skool geëet en geslaap.






# Amanda Dlamini – sokkerspeler




Amanda Dlamini is in KwaZulu-Natal gebore. Sy het by die skool geleer sokker speel. Toe sy 10 was, het sy vir 'n seunspan gespeel. Toe sy ouer was, het sy vir 'n vrouespan begin speel. Op die ouderdom van 19 het sy vir Banyana Banyana gespeel. Teen 2016 het sy al 100 wedstryde vir Suid-Afrika gespeel.







## Soek en vind

Waar is Amanda gebore? ____________



## Lees en dink

Waarom, dink jy, het Amanda vir 'n seunspan gespeel toe sy jonk was?

____________

DATUM

# Oor myself

**Voltooi die vorm.**

1 Naam: ______

2 Geboortedatum: ______

3 Geboorteplek: ______

4 Huidige adres: ______

______


______

5 Naam van ouer/voog: ______

6 Naam van skool: ______

______

7 Kleur die provinsie waar jy gebore is in.




DATUM ____________________

# Voltooi die sinne


been


maan


leer



gaap

boot


vuur

1 Woon daar regtig 'n man op die maan ?

2 Ek klim met die ____________________ tot op die dak.

3 Ons ry met die ____________________ op die rivier.

4 Die hond smul aan 'n ____________________ .

5 Pappa maak 'n groot ____________________ om te braai.

6 Ek ____________________ , want ek is vaak.

DATUM ____________________ 4

# Caster Semenya - atleet

Caster Semenya is in Limpopo gebore. Sy het op hoërskool aan atletiek deelgeneem. Sy het altyd die 800 m-wedlope gewen. Sy het twee keer aan die Olimpiese Spele deelgeneem. Sy het elke keer 'n goue medalje vir Suid-Afrika gewen.







## Soek en vind

Hoeveel goue medaljes het Caster Semenya gewen?

______________________________

## Op my eie

Wat is die Olimpiese Spele?

______________________________

DATUM ______________________________




# Spoedlees woorde

**Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| been | rooi | gras | snoek | ring |
| loop | haai | klop | spoor | lank |
| haas | leeu | knyp | stoot | kalf |
| huur | roei | kraai | swerf | wolk |
| lief | blaf | kwaad | trok | mens |
| hoek | breek | plaas | vlag | sent |
| hout | dra | praat | vrou | hond |
| huil | fraai | skaam | spring | hemp |
| klei | fles | smeer | straat | koms |
| deur | glas | slag | skroef | berg |

Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ______________ woorde
Probeer jou telling verbeter.




# Wayde van Niekerk – atleet




Wayde van Niekerk is in 1992 in die Wes-Kaap gebore. Hy het op skool van rugby en atletiek gehou. Op hoërskool het hy 200 m-wedlope gehardloop en altyd gewen. Op die ouderdom van 20 jaar het hy begin om 400 m-wedlope te hardloop. By die Olimpiese Spele in 2016 het hy die wêreldrekord verbeter en 'n goue medalje gewen.







## Soek en vind

Watter twee afstande het Wayde van Niekerk gehardloop?


______________________ en ______________________



## Op my eie

Noem nog 'n Suid-Afrikaanse atleet wat al 'n goue medalje gewen het.

______________________________________________




# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**


| | | | |
|---|---|---|---|
| MAANDAG | × | n | n n n n n n |
| | × | ni | ni ni ni ni ni |
| DINSDAG | × | m | m m m m m |
| | × | mn | mn mn mn mn |
| WOENSDAG | × | p | p p p p p p |
| | × | pm | pm pm pm pm |
| DONDERDAG | × | r | r r r r r r r |
| | × | tr | tr tr tr tr tr tr |
| VRYDAG | × | ni nm mo ir ti i | |
| | × | mp mi in ii nr mr | |

DATUM ____________________



# Soek die woorde

~~beur~~ geut bou leun mou gou
deur keil reis flou lei wei



| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| w | y | z | a | r | m | q | u | s | l |
| p | a | a | f | e | o | g | i | n | e |
| n | g | z | o | i | u | t | i | n | u |
| l | a | l | t | s | w | j | b | m | n |
| e | t | a | i | n | e | v | o | e | u |
| i | d | e | u | r | i | e | u | y | e |
| b | e | u | r | g | e | u | t | g | d |
| e | n | o | d | k | e | i | l | o | c |
| n | u | f | l | o | u | z | u | u | t |

**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ____________________

____________________

2 ____________________

____________________

3 ____________________

____________________



DATUM ____________________

# Lees die sinne

Ons bak ’n koek.



Die skaap wei in die veld.



Die mier loop in die tuin.




My oom bou ’n huis.



Ek gaan met die trein reis.






? Waar loop die mier?

____________________

DATUM ______________________




# Tydlyn van Siya Kolisi



’n Tydlyn dui die regte volgorde aan waarin dinge gebeur het.

- **1991** – Gebore in die Oos-Kaap
- **1998** – Begin met skool
- **2003** – Kaptein van die laerskool se rugbyspan
- **2004** – Gaan kosskool toe
- **2009** – Kaptein van Hoërskool Grey se span
- **2011** – Verhuis na Kaapstad. Speel vir die Westelike Provinsie se span.
- **2013** – Word gekies om vir die Suid-Afrikaanse rugbyspan (Springbokke) te speel.
- **2018** – Kaptein van die Springbokke




**Skryf 1 of 2 in elke ry om aan te dui wat eerste of tweede gebeur het.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Is kosskool toel | | Kaptein van die laerskool se rugbyspan | |
| Speel vir Suid-Afrika | | Kaptein van die Springbokke | |
| Speel vir die Westelike Provinsie | | Speel vir Suid-Afrika | |

# Voorsetsels

Voorsetsels vertel ons **waar** iets is of **waarheen** dit gaan.


**agter**


**in**


**uit**



**op**


**voor**



**langs**


**teen**


**onder**



**bo**

## Voltooi die sinne met voorsetsels. Teken prente om die sinne te verduidelik.



1. Die kinders kamp en slaap ____________ die tent.
2. Die muis kruip ____________ die yskas weg.
3. Die boeke is ____________ die tafel.
4. Die kat lê ____________ die stoel.
5. Die prent hang ____________ die muur.

## Omkring die voorsetsels in die sinne.



1. Die rugbyspelers speel op die veld.
2. Ek het 'n brief aan my ouma geskryf.
3. Hy haal die boek van die rak af.
4. Ons gaan na die parkie toe.
5. Die hond loop oor die pad.




DATUM ______






# Pretty Yende – operasangeres

- **1985** Gebore op 6 Maart in Mpumalanga
- **1997** Begin in die kerk se jeuggroep sing
- **2001** Hoor opera op TV
- **2003** Gaan Kaapstad toe om opera te studeer
- **2005** Gaan Italië toe. Wen baie pryse.
- **2008** Word beroemd. Maak 'n opera-opname.





## Soek en vind

Waar is Pretty gebore? ______



## Op my eie

Het jy al ooit na operasang geluister? Waar?

______

DATUM ____________________

# Dier- en mensbabas

**Lees hierdie tydlyne.**





| Tydlyn van 'n baba-olifant | | Tydlyn van 'n mensbaba | |
|---|---|---|---|
| **2 ure** | kan staan | **1 uur** | kan sien |
| **3 ure** | begin loop | **2 ure** | drink melk |
| **4 ure** | drink melk | **1 maand** | glimlag |
| **1 maand** | kan sien | **6 maande** | melktande verskyn |
| **1 jaar** | kan gras en blare eet | **1 jaar** | begin loop en praat |

**Vergelyk die babas. Skryf olifant of mens.**


1 Watter baba loop eerste? ____________________

2 Watter baba begin eerste melk drink? ____________________

3 Watter baba kan eerste sien? ____________________


**DATUM** ______________________

# Voltooi die sinne


bou

sout




deur



wei

neus


eier

1 Mamma gooi ___sout___ oor die kos.

2 Ek wil graag 'n huis ______________.

3 Die wind waai die ______________ toe.

4 Daar ______________ 'n trop skape in die veld.

5 Ek gebruik 'n sakdoek om my ______________ te blaas.

6 Sus eet ______________ en brood.




**DATUM** ______________________



# Trevor Noah - komediant

- **1984** — Gebore in Soweto, Gauteng
- **1990** — Begin skool in Johannesburg
- **2002** — Voltooi skool
- **2003** — Werk as komediant
- **2004** — Bied verskillende TV-programme in Suid-Afrika aan
- **2011** — Verhuis na die Verenigde State van Amerika
- **2015** — Bied 'n groot Amerikaanse TV-program aan





## Soek en vind

Na watter land het Trevor Noah verhuis?

______________________________________________




## Op my eie


Wat doen 'n komediant?


______________________________________________

DATUM ____________________



# Feite oor myself






**Lys die jare wat jy tot dusver geleef het.**

| Jaar | Ouderdom |
|---|---|
| | Gebore |
| | 1 |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |


**Kleur jou verjaardagmaand in.**

| | |
|---|---|
| Januarie | Februarie |
| Maart | April |
| Mei | Junie |
| Julie | Augustus |
| September | Oktober |
| November | Desember |




**Kleur al die provinsies in waar jy al gewoon het.**

| Oos-Kaap | Vrystaat | Gauteng | KwaZulu-Natal | Limpopo | Mpumalanga | Noordwes | Noord-Kaap | Wes-Kaap |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |



**Skryf een ding neer wat jy nou kan doen wat jy nie kon doen toe jy gebore is nie.**

____________________



DATUM ______________________________



# Oefen vlotheid

**Oefen om hierdie teks saam met ’n maat te lees. Lees vlot. Let op die leestekens.**

Siya Kolisi is op 16 Junie 1991 in die Oos-Kaap 11
gebore. Toe hy 12 was, het die skool se span 21
aan ’n groot skolerugbytoernooi in Mosselbaai 27
deelgeneem. By die toernooi het almal gesien 34
hoe goed Siya speel. Hy het ’n rugbybeurs van 43
die kosskool in Gqeberha ontvang. 48

Hy het gehou van die koshuislewe en het hard 57
gewerk. Hy het vir sy skool rugby gespeel en in 67
sy finale skooljaar is hy gekies om vir die Oos- 77
Kaapse skolerugbyspan te speel. 81

**Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees? Probeer jou telling verbeter.**

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |


DATUM ____________________






# Brenda Fassie – sangeres en liedjieskrywer

- **1964** – Gebore op 3 November in Kaapstad
- **1970** – Begin skool
- **1977** – Verhuis na Johannesburg om te sing
- **1983** – Reik eerste album uit
- **1998** – Ontvang toekennings vir haar *Memeza*-album
- **2004** – Ontvang toekenning vir beste liedjie van die dekade (10 jaar): *Vul'indlela*





## Lees en dink

Hoe oud was Brenda toe sy na Johannesburg verhuis het?

______________________________________________



## Op my eie

Skryf die naam van 'n liedjie neer wat Brenda Fassie gesing het.

______________________________________________




5 DATUM ______________________

# Lira – sangeres



- **1979** — Gebore in Gauteng op 14 Maart
- **1986** — Begin skool in Daveyton
- **1996** — Matrikuleer
- **1997** — Studeer rekenkunde
- **2003** — Reik eerste album *All my love* uit
- **2010** — Tree op by die FIFA Wêreldbeker asook by Nelson Mandela se 92ste verjaardag
- **2016** — 6de album behaal goud
- **2016– 2019** — Is paneellid vir *The Voice South Africa*





## Soek en vind

In watter provinsie is Lira gebore?

______________________



## Op my eie

Van watter Suid-Afrikaanse sanger hou jy die meeste?

______________________

# Gevoelens

## Week 4 en 5



# Sindi se ouma kom kuier



Sindi se ouma gaan vir hulle kom kuier. Sy het in 'n land, ver weg, gewoon. Sy gaan met 'n vliegtuig na Suid-Afrika kom. Sindi het vir haar twee beste vriende, Nosipho en Alma, van die besoek vertel. Sy het gewonder of haar ouma ook soos hul oumas sou wees.

Die groot dag het uiteindelik aangebreek. ’n Taxi het by hul huis gestop. ’n Dame het uitgeklim. Sy het eerder soos ’n filmster as ’n ouma gelyk! Op haar kop het sy ’n groot, kleurvolle kopband gedra. Haar uitrusting was gemaak van materiaal met die mooiste patrone op. Sy het lang, swaaiende oorbelle en die hoogste hakskoene wat Sindi nog óóit gesien het, gedra.



Die dame het met ’n glimlag uitgeroep toe sy vir Sindi sien. Sy het gesê: “Liewe, klein Sindi. Ek is mev. Sparkles, jou ouma.” Sy het na Sindi gehardloop om haar ’n drukkie te gee. Sindi kon nie asemhaal nie, as gevolg van die reuk van haar parfuum en al die materiaal rondom haar.

Sindi het gehoop dat die bure nie kyk nie.






Mev. Sparkles het met ’n vreemde aksent wat Sindi nog nooit vantevore gehoor het nie, gepraat. Die deurklokkie het weer gelui. Sindi het geweet dat dit haar twee vriendinne was. Wat sou hulle dink? Sou hulle vir haar ouma lag? Sindi het skaam gevoel, en het gedink om nie die deur oop te maak nie. Dit was egter te laat; mev. Sparkles het reeds die deur oopgemaak. Sy het hulle ingenooi: “Kom binne, skatjies. Julle moet seker klein Sindi se vriendinne wees!”




Mev. Sparkles was mal oor kinders. Sy het die meisies se naels met bloedrooi naellak geverf. Sy het hulle toegelaat om haar skoene aan te pas. Sy het vir hulle pragtige kopdoeke, soos hare, gemaak. “Dit is wat ons na troues in Nigerië dra. Ek dra een wanneer ek op TV is,” het sy vir hulle gesê. Sy het toe vir hulle Nigeriese musiek gespeel en vir hulle ’n Nigeriese dans gewys. Die meisies het nog nooit só ’n ouma ontmoet nie. Hulle het só ’n opwindende oggend beleef.

Toe was dit weer tyd vir Ouma om te gaan. “O, Sindi, jy het ’n wonderlike ouma!” het Nosipho gesê.
“Sy is so opwindend,” het Alma gesê. “Jy is baie bevoorreg!”
Sindi het besef dat sy nie verleë of skaam vir haar ouma hoef te wees nie. Sy was trots op haar bekoorlike ouma wat van ’n ver land kom.





DATUM ______________________________



# Leesbegrip 1

**Lees Sindi se ouma kom kuier.**

## Soek en vind

1 Watter twee lande kom in die storie voor?

______________________ en ______________________

## Lees en dink Omkring die regte antwoorde.

2 Toe haar ouma opdaag, het Sindi **verleë** / **bang** / **trots** / **kalm** gevoel.

3 Nadat mev. Sparkles gaaf met haar vriende was, het Sindi **verleë** / **bang** / **trots** / **kalm** gevoel.

## Op my eie Voltooi die sinne.

4 Ek is trots op ______________________

omdat ______________________


______________________

5 Ek het verleë gevoel toe ______________________


______________________

______________________

DATUM ______________________



# Leesbegrip 2



**Lees Sindi se ouma kom kuier.**



## Soek en vind

1 Vind die bladsy met die woorde "Jy is so bevoorreg.".

Bladsy ______________



## Lees en dink

2 Wie het gesê: "Jy is so bevoorreg."? ______________________

3 Dink jy Sindi is gelukkig? Waarom/Waarom nie?

Want ______________________________________

______________________________________




## Op my eie

4 Skryf 'n sin oor iets waaroor jy bevoorreg voel.

Ek is bevoorreg ______________________________

______________________________________

______________________________________



# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**

MAANDAG

× u *u u u u u u u*

× un *un un un un un*

DINSDAG

× v *v v v v v v v*

× nv *nv nv nv nv nv*

WOENSDAG

× w *w w w w w w*

× pw *pw pw pw pw pw*

DONDERDAG

× y *y y y y y y y*

× yt *yt yt yt yt yt*

VRYDAG


× *uw yw ui mw nw y*

× *ni ti wy yi tu pu*

DATUM ______________________________



# Soek die woorde



nooi gooi mooi hooi koei

~~boei~~ roei rooi loei foei

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| j | b | o | e | i | a | e | i | l | h |
| n | u | e | k | o | e | i | s | m | o |
| q | e | g | f | e | s | f | f | e | o |
| j | n | f | r | a | j | r | s | c | i |
| q | i | o | o | t | m | o | o | i | e |
| l | u | e | o | w | l | a | t | c | b |
| o | y | i | i | y | j | m | f | n | m |
| e | g | o | o | i | r | o | e | i | a |
| i | f | a | n | o | o | i | t | n | f |

**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in ’n sin.**

1 ______________________________


______________________________

2 ______________________________

______________________________

3 ______________________________

______________________________



DATUM ____________________

# Lees die sinne


Die boer melk die koei.



Ek roei op die rivier.



My maat nooi my om te kom speel.




Ek trek mooi klere aan.



Pappa stop by 'n rooi robot.





Waar roei ek?

____________________

DATUM

# ’n Portret



**Leonardo da Vinci, 1503, *Die Mona Lisa***

1 Wat sien jy in hierdie skildery?

2 Is sy gelukkig of hartseer?

DATUM ______________________________


# Leestekens

Leestekens help ons om te lees en te verstaan wat ons in ’n sin lees.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ABC** | **hoofletter** | aan die begin van ’n sin | Ek hou van dans. |
| **,** | **komma** | om ’n sin in dele op te breek | Ek help, want ek sien jy het hulp nodig. |
| **.** | **punt** | aan die einde van ’n sin | My naam is Jan. |
| **!** | **uitroepteken** | aan die einde van ’n uitroep | Eina! |
| **?** | **vraagteken** | aan die einde van ’n vraag | Wat is dit? |

**Skryf die sinne in jou oefenboek oor en voeg die regte leestekens in.**

**ABC** **.** **?** **!** **,**



1 jan adri san en ellie staan elke oggend eers in die ry dan groet juffrou hulle


2 goeiedag, kinders

3 môre juffrou

4 kyk op die bord

5 wat staan hier


6 sjoe nou is ek moeg




DATUM ____________________



# Materiale in Afrika




Daar is baie lande in Afrika. In party van hierdie lande word pragtige materiaal gemaak. Die materiaal word gewoonlik gebruik om klere te maak. Die materiaal en patrone is verskillend in verskillende lande. Op hierdie kaart word elke land deur 'n verskillende materiaalpatroon aangedui.





## Soek en vind

Skryf 'n woord wat dieselfde as kledingstof beteken.

____________________



## Op my eie

Van watter patroon hou jy die meeste? Teken dit hier oor:

DATUM ______________________________

# Pitso se wedloop



Dit is sportdag. Pitso is in die afloswedloop.




Pitso is bekommerd dat hy die stokkie sal laat val.




Pitso onthou sy pa se woorde.




Pitso kalmeer. Hy sê vir homself: "Ek kan dit doen!"


DATUM ____________________



# Voltooi die rymsinne



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sneeu | groei | skreeu | kraai | haai |
| leeu | bloei | meeu | baai | lawaai |




1 Ek staan op die kaai.
In die see sien ek 'n ____________________.



2 Voor my deur staan 'n leeu.
Moet ek wegkruip of moet ek ____________________.





3 Op ons dak sit 'n kraai.
Hy maak 'n baie groot ____________________.



4 In die lug vlieg daar 'n meeu,
Sy vere is so wit soos ____________________.




5 As ons baie ver en lank roei,
begin my hand ____________________.



DATUM ______________________

# Woordeskat en taal

**Voltooi elke sin deur een van die woorde te gebruik.**



| | | |
|---|---|---|
| trots | patrone | kopband |
| materiaal | | aksent |

1 Op haar kop het mev. Sparkles 'n pragtige ______________________ gedra.

2 Sindi se ouma het klere gedra wat van kleurvolle ______________________ gemaak is.

3 Sindi het ______________________ op haar ouma van Nigerië gevoel.

4 Mev. Sparkles het met 'n vreemde ______________________ gepraat.

5 Daar is verskillende ______________________ op die materiaal van verskillende lande.

DATUM ______________________________




# Klere van Nigerië



In Nigerië is daar 'n kledingstyl wat bekend staan as Aso-Oke. Aso-Oke-klere word vir spesiale geleenthede gemaak. Vir die vrouens is daar 'n bloes wat *buba* genoem word asook 'n lang romp wat *iro* genoem word. Daar is ook 'n pragtige kopband wat 'n *gele* genoem word. Die mans dra 'n loshangende hemp en broek. Sowel die mans as die vrouens dra 'n lyfband oor hul skouers. Aso-Oke-klere kan van enige materiaal gemaak word. Dit word dikwels in helder kleure gemaak.







## Soek en vind

**Omkring die regte antwoorde.**

Aso-Oke-klere kom van **Suid-Afrika** / **Nigerië** / **Lesotho**.

Aso-Oke-klere kan **enige kleur** / **slegs rooi en groen** / **slegs wit en goud** wees.

Die Nigeriese woord *gele* beteken **bloes** / **romp** / **kopband**.


Hierdie klere word **elke dag** / **soms** / **nooit** gedra nie.


DATUM ______________________

# Ayanda word kwaad




Ayanda se boetie stamp haar koeldrank om.






DATUM ______

4






# Lap uit Ghana

Lank gelede in Ghana, het mense begin om gestreepte materiaal te weef en dit *kente*-lap genoem. Eers is slegs konings toegelaat om hierdie lap te dra. Die lap is in lang, nou stroke met patrone of strepe gemaak. Hierdie stroke is saamgevoeg om die lap te vorm. Die verskillende patrone het verskillende name gehad.






## Op my eie



Teken drie ontwerpe van jou eie *kente*-lap.



DATUM ______________________



# Spoedlees woorde

**Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| leer | gooi | graaf | snaaks | sing |
| boot | kaai | knaag | spoed | jonk |
| haan | meeu | kraan | stap | salf |
| suur | koei | kwas | sweet | melk |
| tier | bly | plan | trek | gans |
| hoed | brief | pruim | vlam | tent |
| koud | draak | skoen | vra | grond |
| huis | frokkie | sluk | sproet | romp |
| eier | flou | smaak | strooi | soms |
| neus | glad | klou | skrif | terg |

Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ______________ woorde
Probeer jou telling verbeter.


DATUM ____________________



# Lap met twee patrone




In Oos-Afrika is 'n *kanga* 'n spesiaal ontwerpte stuk materiaal wat omtrent een meter wyd en een en 'n half meter lank is. Dit het 'n patroon om die rand ('n randpatroon) en 'n ander patroon in die middel. Daar word dikwels 'n boodskap of gesegde op die lap geskryf. Mense koop gewoonlik twee *kangas* om 'n stel klere te maak.



## Soek en vind

1. Kanga-lap is **een en 'n half** / **een** / **twee** meter lank.
2. Kanga-lap het altyd **'n sentrale deel** / **'n rand** / **'n boodskap**.
3. Die materiaal is algemeen in **Noord** / **Oos** / **Wes**-Afrika.
4. Jy kan 'n stel klere met **een** / **twee** / **drie** *kangas* maak.



# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**


cccccccccccccccccccccc





| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG | × | c | c | c c c c c c |
| | × | cy | cy | cy cy cy cy |
| DINSDAG | × | a | a | a a a a a |
| | × | ac | ac | ac ac ac ac |
| WOENSDAG | × | d | d | d d d d d |
| | × | di | di | di di di di |
| DONDERDAG | × | g | g | g g g g g g |
| | × | gu | gu | gu gu gu gu |
| VRYDAG | × | ca ad cg da ii dr | | |
| | × | ma na ca du gi ap | | |

DATUM ____________________

# Voltooi die blokkiesraaisel

**Gebruik woorde met die klanke:**
**ooi, aai, oei, eeu.**



| DWARS | | AF | |
|---|---|---|---|
| 2 |  | 1 |  |
| 4 |  | 3 |  |
| 5 |  | 5 |  |
| 6 |  | 6 |  |
| 8 |  | 7 |  |

DATUM ______________________________

# Lees die sinne


Die leeu brul kwaai.



Ons speel in die sneeu.



Ek eet 'n taai lekker.



Ek waai vir pappa.



Daar is 'n meeu by die see.



Wie speel in die sneeu?

______________________________

DATUM ____________________

# Hoe om jammer te sê

1




Vertel vir die persoon hoe jy voel.

2




Sê wat jy verkeerd gedoen het.

3




Wys dat jy weet hoe jy hom of haar laat voel het.

4




Maak dinge reg.

DATUM ______________________


# Sinonieme

Sinonieme is twee woorde met **dieselfde** of **baie dieselfde betekenis**.

| | |
|---|---|
| gesels | praat |
| voedsel | kos |
| vinnig | gou |
| vriend | maat |
| storie | verhaal |

**Gee sinonieme vir die woorde tussen hakies.**

1 Die mooi seun is (gelukkig).
2 My oupa is (omgekrap) omdat sy laat is.
3 Ek het ('n klomp) vrugte in my sak.
4 Die stout kinders maak 'n groot (lawaai).
5 Sy kry 'n (present), want dit is haar verjaardag.




# Selfstandige naamwoorde



'n Selfstandige naamwoord is 'n woord in 'n sin vir goed waaraan jy kan **vat** of wat jy kan **sien**, byvoorbeeld: **stoel**, **hond**, **sussie**.

**Lees die sinne en omkring al die selfstandige naamwoorde.**



1 Die seun skop die bal oor die muur.
2 Alf eet graag vrugte en groente.
3 Die kinders speel graag met die boublokkies en tennisballe.
4 Die hond wil die kat vang.
5 Ek koop melk en brood by die kafee.

DATUM ______________________________




# 'n Afrika-hemp



*Dashiki* is 'n soort materiaal waarop 'n patroon gedruk is. Die patroon is simmetries. Soms word die patroon ook daarop geborduur. *Dashiki* word gereeld vir hemde gebruik. Die hemp kan ook deel van 'n *dashiki*-pak wees, met 'n bypassende broek. Hierdie hemde kan regdeur Afrika gevind word. Dit word deur sowel mans as vrouens gedra en word nie ingesteek nie.







## Soek en vind

Skryf die woord neer wat "dieselfde aan albei kante" beteken.

______________________________



## Lees en dink

Hang 'n *dashiki*-hemp los oor die broek?

______________________________


DATUM ___

# Om iemand se gevoelens seer te maak

**Gesels oor die prent.**



- Wat gebeur in die prent?
- Hoekom is die kinders gemeen met die meisie?
- Wat sê hulle vir haar?
- Hoe voel die meisie?
- Wat sou jy doen as jy so iets sou sien gebeur?




Waarom is dit belangrik om ander mense se gevoelens te respekteer?

___


___

___

DATUM ______________________



# Voltooi die rymsinne



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| breek | gras | braaf | draf | droog |
| draak | draai | glas | drom | fraai |



1 Ek spit met die graaf.
Pappa sê ek is baie ______________________.



2 Ek weet wat sê my hond as hy blaf.
Hy wil graag ’n ent gaan ______________________.



3 Die nooi is tog te fraai.
As sy dans, maak sy ’n wye ______________________.



4 Pappa brom en Mamma brom:
“Gooi jou papiere in die ______________________.”



5 Die dwergie hou van groen gras.
Hy gee dit baie water uit ’n ______________________.




DATUM ____________________

# ’n Afrika-rok

’n *Kaftan* is ’n soort lang rok of hemp wat deur mans en vrouens gedra word. Dit is loshangend en gewoonlik redelik lank. Dit is geskik vir warm klimaatstreke, want dit hou die liggaam koel. *Kaftan* is algemeen in Noord-Afrikalande, soos Morokko. Deesdae dra mense regoor die wêreld *kaftans*.







## Lees en dink

Waarom, dink jy, dra mense regoor die wêreld *kaftans*?

______________________________



## Op my eie

Sal jy ’n *kaftan* dra? Hoekom of hoekom nie?

______________________________



# Hou op om te boelie!

## HOU OP OM TE BOELIE!




Dit is nie goed om ander mense sleg oor hulself te laat voel nie

## Vriende is gaaf!



Wees 'n vriend en nie 'n boelie nie!



**Beplan 'n plakkaat om boelies te stop.**

Op wie sal dit gemik wees? ______________________


Watter woorde sal jy gebruik?

- Belangrike woorde: ______________________
- Ander woorde: ______________________

Watter prent sal jy graag daarby wil teken?

______________________

______________________



**DATUM** ______________________________



# Oefen vlotheid

**Oefen om hierdie teks saam met 'n maat te lees. Lees vlot. Let op die leestekens.**

'n Taxi het by hul huis gestop. 'n Dame het 10
uitgeklim. Op haar kop het sy 'n groot, kleurvolle 19
kopband gedra. Haar uitrusting was van 25
materiaal met die mooiste patrone op, gemaak. 32
Die dame het gesê: "Liewe, klein Sindi. Ek is mev. 42
Sparkles, jou ouma." Sy het na Sindi gehardloop 50
om haar 'n drukkie te gee. Sindi het gehoop dat die 61
bure nie kyk nie. Mev. Sparkles het met 'n vreemde 71
aksent wat Sindi nog nooit vantevore gehoor het 79
nie, gepraat. 81
Sindi en haar vriende het nog nooit só 'n ouma 91
ontmoet nie. 93

**Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees? Probeer jou telling verbeter.**

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |

DATUM ____________________





# ’n Tradisionele hoed




Lank gelede het Zoeloe-vroue ’n spesiale haarstyl gedra nadat hulle getrou het. Dit het gewys dat hulle getroud is. Deesdae kan hulle ’n hoed wat *isicholo* genoem word, dra. Dit word van riete en gras in die vorm van die tradisionele haarstyl geweef. Dit word tradisoneel gekleur en met krale versier. Vandag dra baie vrouens *isicholo*-hoede na spesiale geleenthede.



**Teken enige hoed wat jy graag sal wil dra.**





**DATUM** ______________________


# 'n Tradisionele romp



Tsongamense woon in die noordelike deel van Suid-Afrika. Ons vind ook Tsongamense in ander Afrikalande. In die verlede sou Tsongavroue spesiale rompe vir tradisionele danse gedra het. Hierdie rompe is *xibelani* genoem. Vandag hou vroue steeds daarvan om soortgelyke rompe vir spesiale geleenthede te dra. Die rompe is styf geplooi. 'n Mens het meer as 18 meter materiaal nodig om een romp te maak.



## Soek en vind



Waarom het jy so baie materiaal nodig om 'n *xibelani* te maak?

______________________________________________

**Omkring die regte antwoord.**

*Xibeni* is tradisioneel deur **Tsonga** / **IsiZulu** / **Sepedi**-vroue gedra.

Die rompe het baie **knope** / **plooie** / **ritssluiters**.

Tsongasprekende mense woon in **Suid-Afrika** / **Suid-Afrika en ander Afrika-lande** / **Zimbabwe**.

# Bly veilig

## Week 6 en 7



# Ferdie Varkie leer 'n les



Juffrou Varkie het vir die klas gesê: "Ons skryf môre 'n wiskundetoets." Ferdie was bang dat hy die toets sou druip. Hy het toe aan 'n plan gedink. Ná skool het hy 'n rooi stokkielekker gekoop.



Die volgende oggend het Ferdie se mamma geroep: “Opstaan, Ferdie, dit is tyd vir skool. Staan gou op. Ek moet werk toe gaan.” Mamma Varkie was ’n verpleegster.
“Ek voel siek, Mamma. My keel is seer,” het Ferdie gesê.
“Kom, laat ek kyk,” het Mamma Varkie gesê. Sy het in sy keel gekyk. “O, ek sien jou keel is baie rooi!”
Sy het nie die stokkielekker onder die bed gesien nie.

“Kom, ek sit die termometer vir ’n paar minute in jou mond,” het Mamma Varkie gesê.

Na ’n rukkie het sy teruggekom en dit uitgehaal. Sy het na die getalle gekyk. “O genade, jy het ’n baie hoë koors. Jy moet vandag liefs by die huis bly. Jy kan nie vandag skool toe gaan nie. Ek sal vir tannie Varkie-Langsaan vra om na jou te kyk.”

Sy het nie die koppie met warm water onder sy bed gesien nie.






Tannie Varkie-Langsaan het gekom. Sy was 'n onderwyser en Ferdie Varkie was nogal bang vir haar. Sy het by die slaapkamer ingekom. Haar wakker, oplettende oë het dadelik die koppie en stokkielekker gesien.

"Mmm, ek dink jy het net 'n bietjie van my ekstra spesiale kruietee nodig," het sy gesê.

"Ag nee! Ek dink ek voel alreeds 'n bietjie beter," het Ferdie gesê. Hy wou regtig nie van die bitter tee hê nie.

"Twak. Jy moet 'n groot koppie van die kruietee drink. Daarna kan ons somme doen. Ek wil nie hê dat hierdie dag gemors word nie."



Uiteindelik was dit middag. “Etenstyd,” het tannie Varkie-Langsaan gesê. “Ek het nog heerlike beesstertbredie van gisteraand oor en sal dit warm maak.
“Lekker. Ek hou baie van beesstert,” het Ferdie gesê.
“O nee. Jy is te siek, Ferdie. Met daardie seer keel van jou is dit beter dat jy liefs meer kruietee drink,” het sy gesê.
“En ná middagete gaan ons nog somme doen.”
“Ag nee,” het Ferdie gedink, “ek wil liewer by die skool wees!”


Teen sesuur het Mamma Varkie huis toe gekom. Sy het tannie Varkie-Langsaan bedank. “Hoe gaan dit met die pasiënt?” het sy gevra.

“Ek dink hy kan môre skool toe gaan,” het sy met ’n breë glimlag gesê.
“Beslis,” het Ferdie gesê.

Die volgende dag by die skool het Juffrou Varkie gesê:
“Ek is so bly om jou te sien, Ferdie. Jy is net betyds vir die wiskundetoets. Die Departement het gister die skool besoek, en toe moes ons die toets uitstel.


Arme Ferdie! Sy plan het nie uitgewerk nie.





DATUM ____________________

# Leesbegrip



**Lees Ferdie Varkie leer ’n les.**

## Lees en dink Omkring die regte antwoorde.

1 Ferdie Varkie se keel was rooi omdat hy **siek was** / **’n stokkielekker gesuig het** / **’n seer keel gehad het**.

2 Die termometer het gewys dat Ferdie Varkie ’n baie hoë koors gehad het, omdat **dit stukkend was** / **hy siek was** / **hy die termometer in warm water gesit het**.

3 Ferdie Varkie het voorgegee dat hy siek was sodat hy **beesstert kon eet** / **heeldag kon slaap** / **nie die toets hoef te skryf nie**.

4 Ferdie Varkie het die heeldag deurgebring deur te **slaap** / **eet** / **wiskunde te oefen**.


5 Ferdie Varkie kon nie vir **tannie Varkie-Langsaan** / **Mamma Varkie** / **Juffrou Varkie** flous nie.

6 Het Ferdie Varkie sy dag by die huis geniet? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________



# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**

*lslslslslslslslslslslslslslsls*


| | | | |
|---|---|---|---|
| MAANDAG | × | l | *l* |
| | × | la | *la* |
| DINSDAG | × | h | *h* |
| | × | hi | *hi* |
| WOENSDAG | × | b | *b* |
| | × | hb | *hb* |
| DONDERDAG | × | k | *k* |
| | × | kl | *kl* |
| VRYDAG | × | *lh kb lc hi ku nb* | |
| | × | *la hu ub ka li dk* | |



DATUM ______________________

# Soek die woorde

kraan kwaai ~~sneeu~~ kwaad skaap smeer
slaan speel pluk pruim plooi spoor



| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| e | s | p | z | f | w | w | h | m | z | s |
| s | r | h | g | e | p | k | r | k | p | p |
| n | p | r | u | i | m | e | k | r | l | e |
| e | p | e | y | u | p | h | w | a | u | e |
| e | i | c | k | e | l | y | a | a | k | l |
| u | q | h | f | q | o | a | a | n | w | d |
| s | p | o | o | r | o | b | i | g | a | m |
| s | l | a | a | n | i | s | k | a | a | p |
| g | y | d | s | m | e | e | r | s | d | i |

**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ______________________

______________________


2 ______________________

______________________

3 ______________________

______________________

DATUM ____________________



# Lees die sinne


Die monster lyk kwaai.




Ons pluk graag appels op die plaas.



Ek draai altyd die kraan toe.




Die tannie smeer die brood.



Ons volg die bok se spoor.





Waar pluk ons appels?

____________________


# My liggaam behoort aan my



Veilige aanraking





Slegte aanraking




My liggaam behoort aan my

DATUM ______________________________



# Perspektief

**Gebruik die woorde as byskrifte by die prent.**



**Maggie Laubser, *Basutoland Hills***

| | | | |
|---|---|---|---|
| voorgrond | agtergrond | middel | oorvleuel |


DATUM ____________________

# Soorte sinne

Daar is **vier** soorte sinne in Afrikaans.

| | | |
|---|---|---|
| **Stelsin** | • maak 'n stelling | Ek is moeg. |
| **Vraagsin** | • vra 'n vraag<br>• altyd 'n vraagteken aan die einde van die sin | Is jy dors? |
| **Uitroepsin** | • beskryf 'n gevoel<br>• altyd 'n uitroepteken aan die einde van die sin | Eina! |
| **Bevelsin** | • gee 'n bevel of versoek<br>• met of sonder 'n uitroepteken aan die einde van die sin | Hou op om my te terg! |

## Watter soort sinne is die volgende?



1 Waar is my boeke?

2 Sjoe, dit is warm!

3 Kom hier, Gerrie.

4 Ek gaan elke dag skool toe.

## Gebruik die woorde om uitroepsinne te skryf.

Hoera Eina Sjoe Aitsa Natuurlik














# Stetoskoop

’n Stetoskoop word gebruik om na mense se hartklop te luister. Die stetoskoop het twee oorstukke en ’n ronde, silwer borsstuk. Die dokter plaas die oorstukke in sy ore en die borsstuk waar die pasiënt se hart is. Dan kan sy hoor hoe jou hart klop. Die dokter kan ook die borsstuk op jou bors plaas en na jou asemhaling luister.





## Op my eie

Skryf oor toe jy ’n stetoskoop gesien het.

# Vertroue

**Merk die situasies wat vir Sophie veilig is.**


















DATUM ______________________________

# Voltooi die sinne





skeur

kraan




sneeu







kwaad

pluk



smeer





1 Ek draai die kraan oop om water te tap.


2 Ons speel in die ______________________.

3 Ek ______________________ vir my 'n appel uit die boom.

4 Ek ______________________ botter op die sny brood.

5 Daar is 'n ______________________ in my broek.


6 Die polisie is ______________________ vir die dief.



DATUM ____________________

# Woordeskat en taal

**Voltooi die sinne deur elk van die woorde te gebruik.**



| | | |
|---|---|---|
| pasiënt | | temperatuur |
| | keel | |
| termometer | | uitgestel |

1. Jou ____________________ gaan van jou mond na jou bors.
2. Wanneer jy koorsig is, is jou ____________________ hoog.
3. ’n Siek persoon word ’n ____________________ genoem.
4. Hy het die reis ____________________ omdat hy siek was.
5. ’n ____________________ meet die temperatuur.

**Taal**

Maak sinne met hierdie woorde.

____________________

____________________

____________________

# Termometer



kwiktermometer



digitale termometer

Termometers is instrumente waarmee jou temperatuur gemeet word. Dit meet hoe warm jou liggaam is. Wanneer jy siek is, kan jou liggaam baie warm raak.
Daar is verskillende soorte **termometers**. Party termometers word van 'n glasbuis gemaak met kwik in. Dit word **kwiktermometers** genoem.
**Digitale termometers** werk anders. Dit wys die temperatuur op 'n skerm.

## Soek en vind

Watter soort termometer

- het 'n glasbuis? ______________________
- het 'n skerm? ______________________

## Op my eie

Watter soort termometer het jy al gesien?

______________________

DATUM ______________________

# Respek

**Merk die prente wat mense wys wat respek vir ander het.**


















# Otoskoop



'n Otoskoop is 'n spesiale instrument wat gebruik word om in jou ore te kyk. 'n Dokter of verpleegster gebruik dit as jy oorpyn het of siek voel. Dit het 'n liggie sodat die dokters binne-in jou oor kan sien om uit te vind waarom jou oor seer is. Slegs dokters en verpleegters moet in jou ore kyk.





## Soek en vind


Wie gebruik 'n otoskoop? ____________________

Wanneer sal 'n dokter 'n otoskoop gebruik?

____________________

____________________

DATUM ______________________



# Spoedlees woorde

**Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| beet | mooi | groet | snik | tong |
| rook | raai | klits | span | bank |
| aap | sneeu | knoop | stoof | delf |
| vuur | boei | kroon | swerm | dalk |
| dief | blom | kwaai | tros | kuns |
| goed | bril | pla | vlooi | lint |
| fout | drom | prooi | vraag | sand |
| duim | fris | skeur | spruit | kamp |
| brei | flap | slaai | struik | ooms |
| neut | gly | smul | skrop | sorg |


Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ______________ woorde
Probeer jou telling verbeter.




# Oogkaart


Op 'n dag is dit dalk nodig om jou oë te laat toets. Die dokter sal 'n kaart hê wat jy moet lees. Daarop sal letters, syfers en vorms wees. Die dokter moet vasstel of jy dinge beter kan sien as dit ver of naby is. Indien jy 'n bril nodig het, sal die dokter 'n instrument gebruik om te bepaal watter lense jy vir jou bril nodig het.









## Op my eie



Teken jouself met 'n spesiale bril op.




# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**


eeeeeeeeeeeeeeeeeeeeeeeeeeee

| Dag | | Letter | Skryfletter | Oefen |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG | × | e | e | e e e e e e e |
| | × | ei | ei | ei ei ei ei ei |
| DINSDAG | × | f | f | f f f f f f |
| | × | fe | fe | fe fe fe fe fe |
| WOENSDAG | × | o | o | o o o o o o |
| | × | lo | lo | lo lo lo lo lo |
| DONDERDAG | × | s | s | s s s s s s s s |
| | × | ms | ms | ms ms ms ms |
| VRYDAG | × | | | ef fo so se ne ti |
| | × | | | le he fi ce da as |

DATUM ____________________



# Voltooi die blokkiesraaisel




## DWARS

1 


7 

5 

8 

6 

## AF

2 

6 

3 

8 

4 



DATUM ______

# Lees die sinne

Pa spit met ’n graaf in die tuin.



Ons hou van braai.






Ek gooi my glas vol.



Ek en Mamma gaan draf.



Daar woon ’n dwergie onder die berg.



Waar woon ’n dwergie?

______

DATUM ______________________

# Byvoeglike naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord is 'n woord wat 'n selfstandige naamwoord **beskryf**. Dit beskryf die grootte, soort, hoeveelheid, kleur van die selfstandige naamwoord of hoe dit voel, proe, beweeg, ruik of klink.

**Gebruik die byvoeglike naamwoorde in sinne om vyf van die prente te beskryf.**

- dapper
- bang
- lui
- oud
- kwaad
- vriendelik
- snaaks
- lank
- lelik
- jonk
- sterk
- slim
- kort
- mooi



DATUM

# Roep Jakkals, Hoofstuk 1



Die dorpenaars het 'n veewagter gevra om hul jong bokkies op te pas. Die bokkies het in die berge gewei. Die dorpenaars het hom gewaarsku om versigtig te wees vir die swartrug-jakkals.
"Jakkalse hou daarvan om jong bokkies te eet," het hulle gesê.
"Roep ons om te kom help as jy een sien. Ons sal dit afskrik."
Die veewagter het met die bokkies berge toe gegaan.



## Soek en vind


Hoekom moes die veewagter uitkyk vir jakkalse?




## Op my eie

Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

DATUM ______________________




# Voltooi die rymsinne



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vraag | vrou | troos | twak | troon |
| stoom | twis | stop | sweet | swaai |



1 As jy graag die toets wil slaag,
antwoord dan net hierdie ______________________.



2 Die vrou het 'n stout kroos.
Ons probeer haar ______________________.




3 Die perd wil net galop,
maar ek sê hy moet ______________________.



4 Eers loop Mila 'n draai,
en dan gaan sy 'n bietjie ______________________.



5 Die ou oom is baie swak,
want hy rook te veel ______________________.




DATUM ____________________

# Roep Jakkals, Hoofstuk 2



Daar was nie veel om op die berg te doen nie. Die veewagter het verveeld begin raak. Hy het besluit om met die dorpenaars die gek te skeer. Hy het teen die berg afgehardloop en geskree:
"Help, Help! Jakkals!"
Die dorpenaars het hom gehoor en teen die berg uitgehardloop. Hulle het met stokke gekom om die jakkals weg te jaag.
Al wat hulle egter gevind het, was die veewagter wat hulle uitgelag het oor die poets wat hy vir hulle gebak het.





## Lees en dink

Waarom het die veewagter gelag?

____________________




## Op my eie

Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

____________________

DATUM ______________________





# Oefen vlotheid


**Oefen om hierdie teks saam met ’n maat te lees. Lees vlot. Let op die leestekens.**

Ferdie se mamma het geroep: “Opstaan Ferdie, 7
dit is tyd vir skool. Staan gou-gou op. Ek moet 18
werk toe gaan.” 21
“Ek voel siek, Mamma. My keel is seer,” het 30
Ferdie gesê. “Kom, laat ek kyk,” het Mamma 38
Varkie gesê. Sy het in sy keel gekyk. “O, ek sien 49
jou keel is baie rooi!” 54
Sy het nie die stokkielekker onder die bed 62
gesien nie. 64
Sy het ’n termometer in Ferdie se mond gesit en 74
toe gaan aantrek vir werk. Sy het nie gesien toe 84
Ferdie badkamer toe gegaan het nie. 90

**Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees? Probeer jou telling verbeter.**

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |

# Roep Jakkals, Hoofstuk 3



'n Paar dae later, teen sonsondergang, het die veewagter 'n geraas in die gras gehoor. Hy het 'n groot jakkals wat die bokkies dopgehou het agter 'n rots gesien. Bang het hy teen die berg afgehardloop en geskree: "Help, help! Jakkals!"
Die dorpenaars het die veewagter gehoor, maar hulle het nie teen die berg uitgegaan soos hulle voorheen gedoen het nie. "Daardie seun gaan nie weer van ons gekke maak nie," het hulle gesê.

## Lees en dink

Hoekom het die dorpenaars nie die veewagter gaan help nie?

## Op my eie

Wat, dink jy, gaan verder gebeur?

DATUM ____________________ 5

# Roep Jakkals, Hoofstuk 4



Die jakkals het op een van die jong bokkies gespring en dit weggedra. Die veewagter kon nie die jakkals alleen keer nie. Hy was hartseer en skaam toe hy daardie aand met die ander bokkies van die berg af kom.

Hy het sy les geleer. Leuenaars word nie geglo nie, selfs al praat hulle die waarheid.

## Op my eie

Wat sou jy vir die veewagter sê?

______________________________

______________________________

# Regte en verantwoordelikhede

## Week 8 en 9



# Hansie en Grietjie



Eendag, lank gelede was daar ’n seuntjie en ’n dogtertjie, Hansie en Grietjie. Hulle het saam met hul pa in ’n huis aan die kant van die woud gewoon.

Hul pa het elke dag gaan werk terwyl Hansie en Grietjie by die huis gebly het. Hansie en Grietjie was baie verantwoordelike kinders. Nadat hul pa werk toe is, het hulle die hoenders gevoer, hul skoolwerk gedoen en aandete gemaak. Hul pa was trots op hulle. Hy het net een reël gehad: “Moenie in die woud ingaan nie.”

Eendag was daar nie genoeg spinasie om in die bredie te sit nie. “Ek wens ons kan in die woud ingaan om spinasie te gaan soek,” het Grietjie gesê. “Maar ek is bang ons verdwaal.”

Hansie het ’n plan gehad. “Kom ons gaan in die woud in, maar ons laat ’n spoor van broodkrummels agter, sodat ons weer ons pad huis toe kan vind,” het hy gesê. Hulle het hul pa se reël vergeet.





Die kinders het in die woud ingegaan. Hulle het versigtig ’n spoor van broodkrummels agter hulle gelaat.

Diep in die woud het hulle ’n klein huisie gesien. Toe hulle nader aan die huisie gekom het, het hulle gesien dat dit nie ’n gewone huisie was nie. Dit was van verskillende lekkernye gemaak! Ja, verskillende soorte beskuitjies, lekkers en sjokolade is gebruik om die mure, deure en vensters te maak. Hansie en Grietjie was baie lief vir lekkernye.

Hansie het begin om ’n beskuitjie-dakteël te eet en Grietjie het ’n jellielekker uit die venster geëet. Maar terwyl hulle geëet het, het iets vreesliks gebeur. ’n Slegte monster het uit die huisie gekom en hulle aan die arms gegryp. Hy het ’n bose lag gelag: “Ek het geweet ’n huisie wat van lekkers gemaak is, sal my help om kinders te vang. Ek hou daarvan om kinders te eet. Ek sal julle binne toesluit terwyl ek brandhout gaan soek.” Hy het hulle die huis ingeneem.






Hansie en Grietjie was baie bang binne-in die donker huisie. Maar hulle was goeie planmakers en het aan 'n plan gedink om te ontsnap. Hulle het 'n venster van sjokolade gesien. Hulle het van die sjokolade geëet om die venster groter te maak. Toe het hulle mekaar gehelp om deur die venster te klim. Hulle het baie gou die broodkrummelspoor gevind en dit gevolg om by hul eie huis uit te kom. Hulle het so vinnig as wat hulle kon, gehardloop.


Hulle het by die huis gekom net voordat hul pa van die werk gekom het. Hy was baie bly dat hulle veilig was. “Ek hoop julle verstaan nou my reël,” het hy gesê.

Hansie en Grietjie het daarna altyd daardie reël gehoorsaam.



DATUM ______________________





# Leesbegrip



**Lees Hansie en Grietjie.**



## Op my eie

1 Wat is die hoofgedagte van die storie? (Skryf 1 tot 3 sinne.)

Hierdie storie gaan oor ...

______________________

______________________

______________________



## Soek en vind

2 Vind die bladsy in die LAB waarop hierdie sinne is:

"Ek sal julle binne toesluit terwyl ek brandhout gaan soek."

Bladsy ________

Maar hulle was goeie planmakers en het aan 'n plan gedink om te ontsnap.

Bladsy ________


Hansie en Grietjie was baie verantwoordelike kinders.

Bladsy ________

3 Hoe het die kinders weer die pad huis toe gevind?

______________________

______________________



# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**

**MAANDAG**

× n m p r i t nm it

× pn pr ir np ri tm

**DINSDAG**

× u v w y c a uw ca

× wy ew ya ac ve wa

**WOENSDAG**

× d g l h b dg lh

× lg bd hu ld ag di

**DONDERDAG**

× e f o s eo es no

× en fa si fo on de en

**VRYDAG**


× iu ad ne lm go cw

× a b f g i m p o a i


× hd tw do fe un ae

× s k r w c h q j s k

DATUM ______________________




# Soek die woorde



wolk terg self pomp park niks kans
kamp kalf hark ~~fiks~~ dans dalk berg

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| q | f | i | k | s | w | e | p | a | r | k |
| w | i | g | a | x | r | t | y | u | i | o |
| e | p | h | m | c | p | a | s | d | f | w |
| p | o | m | p | v | k | a | n | s | g | o |
| r | a | j | z | b | a | h | j | h | k | l |
| t | s | k | b | n | l | z | d | a | l | k |
| y | d | s | e | l | f | x | c | r | v | b |
| u | f | l | r | m | c | n | i | k | s | n |
| t | e | r | g | q | d | a | n | s | m | v |

**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ______________________

______________________

2 ______________________

______________________

3 ______________________


______________________

DATUM ____________________

# Lees die sinne

Ek was my met ’n spons. 

Hy spring hoog oor die stomp. 

Ons klim oor naweke graag die berg. 

Die kinders gaan vroeg kerk toe. 

My lamp staan op my bedkassie. 

? Waar staan my lamp?

______________________________

DATUM

# Kleipotte



Tradisionele kleipotte

1. Watter **kontraste** kan jy sien?
2. Watter **lyne** en **patrone** kan jy sien?
3. Watter **teksture** kan jy sien?




DATUM ______________________________

# Sjokolade



Sjokolade is 'n lekkerny. Sjokolade word van die sade of bone van 'n kakaoboom gemaak. Die kakaobone het 'n bitter smaak as jy dit rou eet. Om die bone in sjokolade te verander, word dit gedroog, gemaal en dan gerooster. Om dit nóg lekkerder te maak, word suiker, olie of melk bygevoeg. Die meeste kakaobone word in Wes-Afrika gekweek.







## Soek en vind

Van watter sade of bone word sjokolade gemaak?

______________________________



## Op my eie


Watter sjokolade sal jy graag nóú wil eet?

______________________________

DATUM ____________________



# Regte en verantwoordelikhede by die huis




**Kleur die vierkante in. Gebruik een kleur vir regte en 'n ander kleur vir verantwoordelikhede.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Om 'n skoon huis te hê | Om na die omgewing om te sien | Om my familielede te respekteer | Om genoeg kos te hê |
| Om myself gesond te hou deur gereeld te oefen | Om tyd te hê om te speel | Om veilig by die huis te wees | Om my besittings skoon en netjies te hou |
| Om met bedagsaamheid behandel te word | Om versorg te word wanneer ek siek is | Om nie kos te mors nie | Om veiligheidsreëls na te kom |

**Skryf 'n sin oor hoe jy by die huis kan help.**

____________________


____________________



**DATUM** ____________________

# Woordeskat

**Voltooi elke sin deur een van die woorde te gebruik.**



woud · verantwoordelikheid · reëls · planmaker · monster

1 Indien jy 'n ____________________ is, sal jy oplossings vir probleme vind.

2 Daar is baie bome in 'n ____________________.

3 Daar is redes waarom ons ____________________ in die klaskamer het.

4 In tradisionele stories is daar altyd 'n slegte ____________________ wat kinders eet.

5 Ons almal het 'n ____________________ om goedhartig teenoor ander te wees.


DATUM



# Lekkers

Lekkers is 'n lekkerny. Lekkers word van suiker gemaak, en suiker word van die suikerrietplant gemaak. Daar is baie suikerrietplase in KwaZulu-Natal. Die suikerrietstingels word fyngemaal om die soet vloeistof daaruit te kry. Die vloeistof word gekook en dan gedroog om suiker te maak. Om lekkers te maak word die suiker gesmelt. Dan word kleursel, geure of jellie bygevoeg.
Daar is baie verskillende soorte lekkers, soos stokkielekkers, suiglekkers en jellielekkers.







## Soek en vind

Van watter plant kom suiker?



## Op my eie


Skryf twee soorte lekkers neer waarvan jy die meeste hou.




DATUM ____________________

# Regte en verantwoordelikhede by die skool


**Pas die regte by die verantwoordelikheid.**
**Dink aan nog een reg en nog een verantwoordelikheid.**
**Skryf dit in die tabel.**





- Om gerespekteer te word
- Om foute te maak
- Om só op te tree dat ander daaruit kan leer
- Om na ander se opinies te luister
- Om ander mense te respekteer
- Om uit my foute te leer
- Om my eie opinies te hê
- Om te leer





| My regte | My verantwoordelikhede |
|---|---|
| 1. Om gerespekteer te word | 1. Om ander mense te respekteer |
| 2. | 2. |
| 3. | 3. |
| 4. | 4. |
| 5. | 5. |

DATUM ____________________

# Voltooi die sinne




park

dans



berg






wolk

hemp



wolf





1 Ek dra graag 'n geel hemp.

2 Ons speel in die ____________________ .

3 Die ____________________ huil snags vir die maan.

4 Ek ____________________ as ek gelukkig is.

5 Daar is 'n ____________________ die lug.

6 Ons klim 'n baie steil ____________________ .




**DATUM** ______________________

# Konfyt

Konfyt is 'n soet lekkerny. Dit word van vrugte en suiker gemaak. Die vrugte word in klein stukkies gesny en dan met water en suiker gekook. Konfyt word soms in fabrieke gemaak, maar jy kan ook jou eie konfyt by die huis maak. Slegs sekere vrugte kan vir konfyt gebruik word. Lemoene, perskes, appelkose en bessies kan vir konfyt gebruik word. Toebroodjies met konfyt en grondboontjiebotter is lekker om by die skool te geniet.







## Soek en vind

Waarvan word konfyt gemaak?

______________________




## Op my eie

Van watter konfyt hou jy die meeste?

______________________

DATUM ______________________





# Spoedlees woorde

**Lees die woorde saam met 'n maat. Merk die woorde wat jy kan lees. Leer die woorde wat jy nie kon lees nie.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| weet | nooi | groet | sneeu | meng |
| hoog | saai | klein | spies | mank |
| kaas | eeu | knik | ster, | self |
| duur | loei | krag | swak | valk |
| sien | blus | kweek | trui | wens |
| goed | broek | ploeg | vloer | munt |
| sout | dreun | proe | vries | land |
| suig | frons | skeef | spreeu | pomp |
| wei | fliek | slim | strik | mark |
| geut | gleuf | smal | skree | wurm |

Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees?
Hoogste telling: ______________ woorde
Probeer jou telling verbeter.




**DATUM** ______________________

# Koekies

Koekies is ’n soet lekkerny. Die meeste koekies word van meel, botter en suiker gemaak. Die bestanddele word goed gemeng, plat uitgerol en dan in ’n oond gebak. Verskillende goed, soos klapper, neute of sjokolade kan by die koekiedeeg gevoeg word. Koekies kan in ’n fabriek of tuis gemaak word. Koekies is gewoonlik soet en bros.







## Soek en vind

Waarvan word koekies gemaak?


______________________



## Op my eie

Van watter soort koekies hou jy die meeste?

______________________




# Handskrif

**Oefen hierdie letters elke dag in jou oefenboek.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG | × | j | j | j j j j j j j |
| | × | ja | ja | ja ja ja ja ja |
| DINSDAG | × | q | q | q q q q q q |
| | × | qu | qu | qu qu qu qu |
| WOENSDAG | × | r | r | r r r r r r |
| | × | it | it | it it it it it |
| DONDERDAG | × | x | x | x x x x x |
| | × | lx | lx | lx lx lx lx |
| VRYDAG | × | ar jï ur ex qu lr | | |
| | × | ja xa qur ri gq xe | | |


DATUM ______________________


# Voltooi die blokkiesraaisel





## DWARS

3 


5 


6 

7 

9 

## AF

1 

2 

4 


5 

8 

DATUM ______________________ 1

# Lees die sinne

Ek tel 'n skulp op.



Mamma brei 'n serp.



Die son skyn warm.



Ek hou van sing.



Die boot sink.



Wat tel ek op?

______________________



**DATUM** ______________________

# Klasreëls

Wees bedagsaam

Werk hard

Luister na ander

Moenie laat wees nie


Werk saam

Hou jou skool skoon

Wees veilig

Leer uit jou foute

Pas skooleiendom op



**Skryf een reël langs elke opskrif neer.**

Respekteer jouself ______________________


Respekteer ander ______________________

Respekteer jou skool ______________________

Wat sou gebeur het as ons nie klasreëls gehad het nie?

______________________


DATUM ______________________________



# Trappe van vergelyking

Byvoeglike naamwoorde het **drie trappe van vergelyking** as ons mense of dinge met mekaar vergelyk.

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
| --- | --- | --- |
| beskryf hoe iets is: normale woord | vergelyk twee mense of dinge met mekaar: -er as | vergelyk meer as twee mense of dinge met mekaar: die -ste |
| stadig | stadig**er as** | **die** stadig**ste** |




**Voltooi die volgende tabel.**


| | | |
| --- | --- | --- |
| vet | | |
| | groter | |
| | | sagste |
| | slimmer | |



# Versamelname



'n Versamelnaam is 'n woord wat gebruik word om 'n groot klomp van 'n soort aan te dui, byvoorbeeld: 'n klomp bye = 'n **swerm** bye.



**Voltooi met die regte versamelname.**

bondel trop hoop skool bossie
boord span swerm

'n ______________________ voëls

'n ______________________ visse

'n ______________________ sand


'n ______________________ spelers

'n ______________________ skape

'n ______________________ wortels

'n ______________________ wasgoed

'n ______________________ vrugtebome



2 DATUM ____________________


# Knysnawoud



Woude is plekke met baie plante en bome. Die grootste woud in Suid-Afrika staan bekend as die Knysnawoud. Dit het baie hoë bome, plante, riviere en voëls. Dit is die tuiste vir verskillende soorte diere soos luiperds, ape, skilpaaie en olifante. Daar is tans slegs een olifant in die Knysnawoud oor.



## Op my eie



Hoekom, dink jy, is daar slegs een olifant oor? Wat sal gebeur as die olifant doodgaan?

____________________

____________________

DATUM ____________________



# Die grondwet

**Lees oor die grondwet en vul die ontbrekende woorde in.**



respekteer    vry    regte    wet    regeer    kinders

## Die grondwet van Suid-Afrika

Die grondwet is 'n baie belangrike dokument.

Dit is in 1996 geskryf toe Suid-Afrika 'n ____________________ land geword het. Dit is die plan vir hoe die regering in Suid-Afrika moet ____________________ . Die grondwet is die hoogste ____________________ van die land. Elke ander wet moet die grondwet volg en ____________________ . Die grondwet beskerm ons ____________________ as landsburgers. Dit sluit die regte van ____________________ in.

1. Wat sal gebeur as 'n land nie wette gehad het nie?
2. Wie maak die wette?
3. Wie maak seker dat ons die wette van die land volg?

DATUM ____________________

# Soek die woorde

~~stamp~~ smelt skaars plank brand
prent kring klits trots frank

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| b | c | e | e | u | z | u | f | p | c |
| p | s | m | e | l | t | g | r | r | d |
| l | s | k | a | a | r | s | a | e | p |
| a | i | w | u | a | r | k | n | n | k |
| n | t | r | o | t | s | r | k | t | l |
| k | b | r | a | n | d | i | h | s | i |
| s | t | a | m | p | t | n | i | w | t |
| a | i | a | w | s | s | g | b | g | s |

**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ____________________

____________________

2 ____________________

____________________

3 ____________________

____________________

**DATUM** ______________________________

# Die Kalahariwoestyn

Woestyne is plekke waar daar baie min water maar baie sand is. Die grootste woestyn in Suid-Afrika is die Kalahariwoestyn, wat in die Noord-Kaap is. Daar is diere wat in ’n woestyn kan leef, soos die gemsbok, bergsebra en muishond. Daar is ook grasse, bosse en doringbome wat in die woestyn kan groei.



## Soek en vind

Waar is die Kalahariwoestyn (land en provinsie)?

______________________________

## Op my eie

Wat is die verskil tussen ’n woestyn en ’n woud?

______________________________

______________________________




DATUM ____________________

# Kinderregte

**Skryf die regte woord onder elke prent.**

Tyd om te speel    Kos    Huis    Gesin    Gesondheidsorg
Veiligheid    Burgerskap    Onderrig







Onderrig



____________________



____________________



____________________




____________________



____________________




____________________



____________________

DATUM ______________________





# Oefen vlotheid

**Oefen om hierdie teks saam met 'n maat te lees. Lees vlot. Let op die leestekens.**

Eendag, lank gelede, was daar 'n seuntjie en 'n 9
dogtertjie, genaamd Hansie en Grietjie. 14
Hulle het saam met hul pa in 'n huis aan die 25
kant van 'n woud gewoon. Nadat hul pa werk toe 35
is, het hulle die hoenders gevoer, hul skoolwerk 43
gedoen en 'n groentebredie vir aandete gemaak. 50
Hul pa was trots op hulle. Hy het net een reël 61
gehad: "Moenie in die woud ingaan nie." 68

**Lees nou net vir een minuut. Hoeveel woorde het jy gelees? Probeer jou telling verbeter.**

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het. | | |

# Nasionale Krugerwildtuin



Natuurreservate is plekke waar wilde diere veilig is. Die Krugerwildtuin is een van die grootste natuurreservate in Afrika. In die Krugerwildtuin is daar baie wilde diere wat ook die Groot Vyf insluit. Dit is: leeus, luiperds, renosters, olifante en buffels. Jy kan die park besoek om al die diere daar te sien.





## Op my eie

Hoe, dink jy, word diere in die natuurreservate veilig gehou?

______

______

______

DATUM ______________________




# Die Suid-Afrikaanse kus

'n Kus is waar die see en die land mekaar ontmoet. Suid-Afrika het 'n baie lang kus. Die koue Atlantiese Oseaan is aan die Weskus. Die warmer Indiese Oseaan is aan die Ooskus. Daar is twee groot stede aan die Suid-Afrikaanse kus. Dit is Kaapstad en Durban. Hulle het plekke waar groot skepe kan vasmeer. Al langs die Suid-Afrikaanse kus is daar pragtige strande met sagte sand, rotse en branders.









## Lees en dink

Wat, dink jy, het Kaapstad en Durban in gemeen?


______________________



## Op my eie


As jy na 'n strand toe gaan, wat sal jy graag daar wil doen?

______________________



# Ek kan hierdie letters skryf


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| a | | b | | c | |
| d | | e | | f | |
| g | | h | | i | |
| j | | k | | l | |
| m | | n | | o | |
| p | | q | | r | |
| s | | t | | u | |
| v | | w | | x | |
| y | | z | | | |



# Ek kan hierdie letters skryf

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A | | B | | C | |
| D | | E | | F | |
| G | | H | | I | |
| J | | K | | L | |
| M | | N | | O | |
| P | | Q | | R | |
| S | | T | | U | |
| V | | W | | X | |
| Y | | Z | | | |

# Spelling



## Week 2

1. saad ..............................
2. veer ..............................
3. vuur ..............................
4. woon ..............................
5. meet ..............................
6. taal ..............................
7. week ..............................
8. boot ..............................
9. muur ..............................
10. jaar ..............................

## Week 3


1. kiem ..............................
2. flou ..............................
3. geur ..............................
4. wei ..............................
5. deur ..............................
6. wei ..............................
7. tuin ..............................
8. trein ..............................
9. eier ..............................
10. huis ..............................

## Week 4

1. koei ..............................
2. mooi ..............................
3. loei ..............................
4. saai ..............................
5. roei ..............................
6. meeu ..............................
7. nooi ..............................
8. kraai ..............................
9. sneeu ..............................
10. waai ..............................

## Week 5

1. graaf ..............................
2. brood ..............................
3. draf ..............................
4. dwerg ..............................
5. fraai ..............................
6. draak ..............................
7. glas ..............................
8. groot ..............................
9. blaf ..............................
10. flou ..............................



## Week 6

1. plank
2. skaap
3. kraan
4. speel
5. pruim
6. slaap
7. kwaai
8. snork
9. spoor
10. smeer

## Week 7

1. trek
2. twak
3. trein
4. vlug
5. sweet
6. twis
7. klei
8. vlerk
9. vraag
10. staan

## Week 8

1. spons
2. stomp
3. golf
4. skeur
5. park
6. lamp
7. werk
8. berg
9. kans
10. wolk


## Week 9

1. skulp
2. kring
3. smelt
4. serp
5. klits
6. brand
7. kers
8. kring
9. skaars
10. prent

Funda Wande
Reading for Meaning

# My nuus

Vandag wil ek julle vertel van ...




Wanneer?




Wie?



Waar?



Wat het gebeur?



Ek het ... gevoel.
Omdat ...

Western Cape Government
FOR YOU
Education

creative commons
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-998960-23-1
9 781998 960231
VERSION 2.0